Sokker Wêreldbeker Gebedskild

Met enige internasionale gebeurtenis waar baie lande bymekaarkom, is daar bepaalde geestelike elemente wat nasies op 'n globale vlak beïnvloed. Hierdie jaar speel Suid-Afrika namens Afrika gasheer vir die nasies van die wêreld en betree daarmee die globale arena. Die oë van die wêreld gaan op Suid-Afrika en Afrika gerig wees tydens die Fifa Sokker Wêreldbeker. Suid-Afrika wil graag 'n kultuur uitdra wat almal nooi om deel te wees daarvan. Die slagspreuk van die Wêreldbeker is "Ke Nako" wat beteken, "Dit is tyd". Afrika se tyd het aangebreek.

Lank reeds gaan profetiese woorde uit oor Afrika wat beweer dat hierdie vasteland 'n belangrike rolspeler sal wees in die laaste dae. Dit beklemtoon spesifiek dat Afrika 'n plek sal wees waar die Woord van God sal wees en dat dit weer die broodmandjie van die wêreld sal wees. Daar is ook 'n profetiese woord dat herlewing soos 'n vuur aan die suidpunt van Afrika sal begin en dwarsdeur die vasteland en die wêreld sal versprei. Afrika is 'n ryk vasteland, maar het tot dusver nog nie daarin geslaag om hierdie bronne tot voordeel van sy inwoners aan te wend nie. Dit blyk 'n maklike prooi van buitelandse uitbuiting, interne onrus en politieke magstryd te wees. Dit alles verswak Afrika. Daar is wel heelwat insidente wat aandui dat Christene in Afrika tog iets geesteliks het om aan die wêreld te bied, maar daar is ook oorweldigende getuienis dat mense terugkeer na die tradisionele godsdienste. Hierdie is duidelik uitgelig deur die sogenaamde "Afrika Renaissance".

Suid-Afrika het oor die afgelope paar jaar al hoe meer die rol van arbiter in politieke konfliksituasies op die Afrika vasteland verhoog gespeel. Suid-Afrika straal die beeld van 'n stabiele, vooruitstrewende, veilige hawe vir mense uit, terwyl die teendeel eintlik waar is. Gewelddadige misdaad, veral moord en verkragting, is aan die orde van die dag. Korrupsie op provinsiale- en regeringsvlak is besig om ons ekonomie lam te lê. Seksuele onsedelikheid en veelwywery word as normaal beskou (selfs op die hoogste vlakke van die regering). Armoede en werkloosheid vererger daagliks. MIV VIGS steel duisende mense se lewens en vreemdelingehaat hang soos 'n albatros oor immigrante wat glo dat Suid-Afrika die land van melk en heuning is. Aborsie en dieselfde geslag huwelike is wettig. Voorleggings is gemaak om prostitusie te wettig voor die aanvang van die Wêreldbeker. Hierdie sal daartoe lei dat daar 'n invloei van prostitute en verhoogde mensehandel (veral kinders) ten bate van seksuele uitbuiting. Tradisionele leiers het aanbeveel dat daar by al die sokkerstadions diere geoffer word om die voorvadergeeste te vereer en die "seën" van die dooies te bekom. Wat presies wil ons hê moet die wêreld hier in Suid-Afrika beleef? Is dit die opregte gasvryheid van ons mense, die skoonheid van die natuur, die opwinding van 'n groeiende ekonomie en die vrede van ons mense wat tevrede is met hul lewensomstandighede? Of wil ons hê dat hulle met M.I.V. Vigs infekteer moet word omdat immorele seks beskibaar is vir almal? Wil ons hulle intrek by die heidense tradisionele godsdienste van Afrika deur sangomas wat hulle in die land verwelkom en deur toordokters wat hulle "seën" met 'n vloek van die voorvadergeeste?

Die openingsgeleentheid van die FIFA 2010 Sokker Wêreldbeker sal in Soccer City Stadion in Johannesburg plaasvind. Hierdie is ook die plek waar die openings- en afsluitingswedstryde van die toernooi gespeel gaan word. Die stadion is ontwerp in die vorm van die kalbas (Afrika bierpot). Die bier wat tradisioneel uit 'n kalbas aangebied word, is eintlik 'n offergawe aan die voorvadergeeste en het ten doel om diegene wat daaruit drink te laat kommunikeer met die voorvadergeeste. Geestelik is hierdie reuse bierpot 'n offergawe waardeur die nasies genooi word om dronk te

word van die "gees van Afrika". Die openingseremonie sal vertoon wat presies in hierdie "kalbas" vermeng word.

As verteenwoordigers van God se Koninkryk,

– word Christene opgeroep om op te staan en hul plek voor God se genadetroon te kom inneem (Heb 4:16).

– kan ons met vertroue tot God nader omdat Jesus se bloed aan die kruis vir ons gestort is (2 Kor 5:18).

– gee die bloed van Jesus ons nog meer vertroue as gevolg van wat dit bereik het: dit het die mag van die sonde verbreek en vergifnis meegebring selfs nog voordat ons in Christus geglo het (Rom 5:8; Ef 1:7); het die mag van Satan verbreek (Openb 12:11); het dit alle vloeke verbreek en vernietig (Gal 3:13); het dit die mag van die dood verbreek en die vrees vir die dood verwyder asook die vrees vir inmenging vanuit die graf (Heb 2:14,15; Jes 8:19).

– Vertrou ons ook in die Naam van Jesus, omdat Sy Naam (Jesus Christus) verseker dat God die Vader aan Hom alle gesag oor die koninkryk van die duisternis gegee het (Ef 1:21,22; Fil 2:9; Hand 16:18) en Hy dit ook aan ons, sy volgelinge dieselfde gesag gegee (Luk 10:19; Mat 28:18,19).

– kan ons staatmaak op die krag van die Heilige Gees (Hand 1:8).

Gebedspunte

1. Suid-Afrika bied 'n Afrika "kalbas" aan die nasies, maar Jesus het aan ons die beker van die Nuwe Verbond gevul met Sy bloed gegee (1 Kor 11:25). Nagmaalviering is die kragtigste wapen teen die werke van die duisternis. Die aksie van die breek van die brood en die drink van die wyn, verklaar dat die dood en bloed van Jesus die oorwinning oor alle sonde, die Satan en die gees van die dood meegebring het (1 Kor 11:26). Hierdie is die wapen waarmee wedergebore gelowiges met 'n heilige lewenstyl die houvas van die vyand oor die nasies kan breek. Gebruik hierdie magtige wapen soveel kere as wat moontlik is, voor, gedurende asook na die Wêreldbeker. Bid dat die woorde van ons Christelike getuienis en ons bereidheid om ons lewens af te lê vir die waarheid en die verlossingsboodskap van Christus, deur die krag van die bloed oorwinning sal behaal oor die werke van die Satan in Suid-Afrika (Openb 12:11). Bid dat die vloeke van al die onheilige rituele, afgodsgebede en okkultiese seremonies voor en gedurende die Wêreldbeker verbreek sal word. Bid dat die planne van die bose om geweld, misdaad, seksuele onsedelikheid, korrupsie en gierigheid aan te blaas, verhoed en vernietig sal word. Bid vir die reinigings- en suiweringskrag van die bloed van Jesus teenoor alle sonde.

2. Afrika wil tydens die Wêreldbeker 'n "nuwe klank" laat opgaan. Hierdie "nuwe klank" is gekoppel aan die blaas van die vuvuzela. Die vuvuzela is 'n soort trompet wat by sekere stamme gebruik word om die mense op te roep om by die "kgotla" (plek waar hofsittings deur die stamhoofde gehou word en besluite geneem word) bymekaar te kom. Wanneer jy die klank van die vuvuzela hoor, vra dan dat die hemelse klank oor die aarde sal uitgaan. Roep na en proklameer die "Stem van God" (Ps 29) oor die waters, die berge, die valleie, die vlaktes, die stede, die

stadions en die nasies wat bymekaarkom in Suid-Afrika. Bid dat die mense God se stem sal hoor en daarop sal reageer (Joh 10:27).

3. Bid vir die uitstort van die Heilige Gees wat die krag het om mense te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh 16:8). Bid dat die mense oortuig sal raak van die sonde van ongeloof dat Jesus aan die regterhand van die Vader in die hemel regeer en dat die Satan reeds veroordeel is en geen mag het om mense gevange te hou nie.

4. Bid dat God se wil sal geskied in die lewe van elke Suid-Afrikaner en elke buitelandse besoeker. Bid in die Naam van Jesus dat elke struikelblok wat die koninkryk van die bose gebruik om mense in duisternis gevange te hou, verwyder en vernietig sal word (2 Kor 4:3; 2 Kor 10:4). Bid dat baie besoekers aan Suid-Afrika die geleentheid sal kry om die evangelie van Jesus Christus te hoor en te verstaan. Bid die seën oor elke uitreik wat gemik is daarop om die goeie nuus van Jesus oor te dra. Bid vir elke Christen wat betrokke is by evangelisasie, sosiale uitreik, gasvryheid, veiligheid of enige ander aktiwiteit gerig op besoekers aan ons land, om toegerus, gesalf en uitgestuur te word deur die Heilige Gees om die lewens van mense aan te raak. Aanvaar die outoriteit en weerstaan elke gees wat gestuur is om die werk van die Heilige Gees en gelowiges teen te staan. Vra God om sy Gees oor Suid-Afrika uit te stort en die profesie te vervul rakende 'n herlewing wat soos 'n vuur in Suid-Afrika gaan opvlam en die hele wêreld gaan aanraak. Bid vir gemeentes om op te staan en geleenthede aan te gryp om die koninkryk van God uit te bou in hul eie gemeenskap asook in ander lande van die wêreld.

5. Roep die Naam van Jesus Christus so dikwels as moontlik uit oor Suid-Afrika deur hierdie gebed: Here Jesus Christus, Seun van God, wees Suid-Afrika genadig. Seën hierdie land en maak dit tot 'n seëning vir die nasies van die wêreld! Openbaar wat u doel daarmee is om Suid-Afrika so op die wêreld verhoog te plaas. Laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, in en deur Suid-Afrika, net soos in die hemel!

<u>Ander gebedsmateriaal</u>:

- **OM (Operasie Mobilisasie) *32 days of prayer for the World cup nations* is beskikbaar by www.omsa.org.za of info@rsa.om.org of skakel 012 807 0161 (Herman Lamprecht)**
- **TUG (The Ultimate Goal) elektroniese Gebedsbrief prayer@theultimategoal.co.za (Brian Evans Nasionale TUG Gebedskoördineerder)**

Indien u enige vrae het, kontak Anneke Hanekom info@global24-7.org of 012 365 3213 (Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk)

TO **UNSUBSCRIBE**, PLEASE REPLY TO THIS MESSAGE AND TYPE 'UNSUBSCRIBE' ON THE SUBJECT LINE.

We would then proceed to remove you from our address list and discontinue sending prayer information to you.